


OPSAAFI



1/92

REDAKSIONEEL

Sedert die ontstaan van die Berg-en-Dal Voetslaanklub sowat ses jaar gelede, het baie water onder die brûe deurgeloop waaroor ons stappers beweeg het en het baie stappers in poele geploeter.

Na 'n beskeie ontstaan het dit van krag tot krag gegroei sodat ons nou die stadium bereik het waar ons by die Suid-Afrikaanse Voetslaan Federasie aansoek kan doen om affiliasie.

Ons het ook ons eie wapen in gebruik geneem en soos dit uitbeeld reik ons na groot hoogtes! Ons berus ook in al die seer voete wat groot hoogtes meebring.

Die redaksie wil graag die bestuur van harte bedank vir hul ywer om ons klub op hoë vlak te laat funksioneer en vertrou dat hulle sal help om 'n blaadjie soos hierdie minstens een keer per jaar die lig te laat sien. Lede word aangemoedig om gedagtes en herinneringe aan te teken vir opname in toekomstige uitgawes. Loslit, lekkerlees humor en ander vertellings sal verwelkom word.

Aan die departemente van Bosbou en Natuurbewaring ons opregte dank en waardering vir hulp, bystand en leiding deur lesings en inligting wat ons van hulle ontvang, en ons hoop dat dié mooi verhouding sal bly voortbestaan. Van ons kant maan ons gedurig teen onbesonne optrede deur stappers.

Krag en goeie gesondheid vir almal, ons hoop daar is nie te veel pyn nie as ons blaas-blaas op ons wandelpaaie vorder, waarheen dit ons ookal mag lei.

DIE REDAKSIE

GEBORTE VAN BERG-EN-DAL

Stap is die sport wat deur oud en jonk beoefen kan word en daarom wou ek en Annie by 'n klub aansluit.

Die eerste groep waarby ons aangesluit het, was dié van Pietie le Roux, maar aangesien hulle slegs een- of tweekeer per maand gestap het, het ons die destydse Outeniqua-voetslaanklub genader. Hulle wou egter nie verder as hulle stigterslede uitbrei nie, en Danie Visser, een van ons groeie, het voorgestel dat ons ons eie klub stig wat toe op 27 Junie 1986 gedoen is. Danie was dan gou ons eerste Voorsitter met die uwe Onder-Voorsitter, Sonja van Walbeek sekretaresse, Jim Catto Tesourier en Elna Cloete en Louis du Toit verkose lede.

Ons eerste amptelike dagstap was op 9 Augustus 1986, vanaf Glentana na Groot Brakrivier, en vanaf 12 - 14 September 1986 het ons ons eerste uitslaapstap gedoen (Kleinplaat na Langberg op die Outeniqua Voetslaanpad). Die stappers was Iwan en Sonja, Annie en ek, en Danie Visser.

Sedertdien het ons klub voortdurend gegroei. Heelwat entoesiastiese lede moes ongelukkig wegval weens persoonlike verpligtinge en/of omstandighede. Na byna ses jaar (en 6 400 km sole slyt vir die Moutons) het ons ongeveer veertig aktiewe stappers plus hulle gesinne.

HENNIE MOUTON : VOORSITTER

Berg-en-Dal Voetslaanklub is seker een van die hegte stapklubs in die land (watter ander klub kan aanspraak maak op so 'n lekker bynaam as: Hap-'n-Stap-'n-Drukkie-Klub!)

Welkom aan alle nuwe stappers. As stap 'n nuuttjie vir jou is, moet ons in ons eerste koerantjie wys op 'n paar verpligtinge van elke lid en gas. Julle sal verbaas wees oor hoeveel sonde en ergernis party stappers die Boswese, Natuurbewaring, boere en die Bergklub van Sa oral besorg.

Hier volg 'n paar reëls wat elke lid asseblief moet navolg:


1. Elke stapper stap op eie risiko.
2. Die aangewese leier van 'n groep is sover moontlik verantwoordelik vir die veiligheid van stappers. Hy moet in alle opsigte gehoorsaam word. 'n Stapper mag slegs van die groep wegbreek met die toestemming van die leier. Daar moet ook 'n sterk, geduldige stapper aangewys word om na die stadiger stappers om te sien.
3. Alle stappers moet behoorlik gekleed wees vir die betrokke klim/stap. Die regte skoene (en sole) is uiters belangrik. Tennisskoene is vir tennisbane en nie vir ons Kaapse berge nie. Dit maak nie saak hoe die weer in die oggend lyk nie, 'n windwerende anorak of baadjie, 'n bottel water, pleister en rekverband behoort saamgedra te word. Die leier mag weier om stappers saam te neem wat ongeërg oor die saak is.
4. Die leier besluit al na gelang die moeilikheidsgraad van die stap waar en wanneer stilgehou word vir tee en/of middagete. Op lang en moeilike stappe moet stadiger stappers genoeg tyd gegun word om behoorlik te rus met ete. (Die genot van bergpieke is die uitsigte en nie hoe vinnig jy weer by die huis kan kom nie.)
5. Natuurbewaringsreëls moet nagekom word, o.a. geen vure, geen beskadiging of verwydering van plante en blomme. Seep, tandepasta en skoonmaakmiddels moet nie in riviere gebruik word nie. Sanitasie is vandag een van die grootste kopsere met die groot aantal stappers op ons wandelpaaie. Gebruik wit papier en begrawe alles. 'n Klein grafie behoort vir hierdie doel op langer stappe saamgedra te word. Onthou, klippe is nie voldoende bedekking nie, want bobbejane (en Jay Kruger) keer dit om agter skerpioene aan!
6. Vergeet alle sneessakdoekies by die huis - dra mansakdoeke saam! Onthou, papier neem 'n lang tyd om te ontbind en is een van ons grootste natuurbevuilers.
Geen, en ons bedoel geen, ander afval (skille, eierdoppe, lekkerpapiere, hoenderbeentjies, blikkies ens. ens.) moet in die veld agtergelaat word nie, veral nie op paadjies en stilhouplekke nie. Dra plastieksakkies saam om vullis terug te dra. Kinders moet van jongs af in veld-etiket gedissiplineer word en by volwassenes moet dit tweede natuur wees.
7. Gebruik jou kop te alle tye en bly leef. Fraai gedagtes maak fraai ongelukke.



KITTY WILLIAMS



LIBRARY



Noa
1993.

9

Die moderne manier van voetslaan is maar iets van ons eeu. Pakstap, soos sommige die tipe ontspanning wil noem, is in die VSA geweldig gestimuleer toe Benton Mackaye in 1921 met die gedagte van die Appalachian Trail gekom het. Dit is 'n voetslaanpad van 3 200 kilometer deur veertien verskillende oostelike state van Amerika, vanaf Maine in die Noorde tot Georgia in die Suid.

Hierdie staproete is in 1937 — na 15 jaar se harde arbeid — geopen. Die meeste werk is destyds, en word vandag nog deur vrywilligers (individue en voetslaanklubs) gedoen. Hulle is verantwoordelik om bepaalde gedeeltes van die roete instand te hou, vullis te verwyder, alternatiewe roetes te beplan as die bestaande uitgetrap of verspoel raak, roeteaanduidings te versorg, 'n ogie oor die ongeveer 320 skuilings te hou en ook nog advies aan voornemende voetslaaners te gee. Voorwaar 'n merkwaardige prestasie!

Vandag is die Appalagiese Roete die langste gemerkte voetslaanpad in die wêreld. (Die Pacific Crest Trail in die Weste van die VSA is glo langer maar beskik nie oor ononderbroke roeteaanduidings nie).

Eers in 1975 het dinge in Suid-Afrika op hierdie gebied koers begin kry. Die Nasionale Voetslaanpadraad het ontstaan, en die een na die ander staproete het gereed gekom, sodat ons eendag van die Soutpansberge in Noord-Transvaal tot by die Sederberge in Wes-Kaapland sal kan stap!



Dit het gebeur

BYDRAE VIR OPSAAL

Gedurende Januarie 1991 tydens middagete te Tloerkop, het Lina Aucamp geboorte geskenk aan die gedagte van 'n Dinsdag voormiddag wandeling. Alhoewel 'n vanklik wankelende het die gedagte werklikheid geword, die gepaardgaande groeiopyn oorleef, sodat dit vandag die voedingsbron is van Berg en Dal se totale sukses is.

Sedert Mei 91 word 'n register op Dinsdag grondslag gereed bygehou en dit is interessant en bemoedigend om elke Dinsdag die name van dieliefde persone om te merk. Hulle is voorwaar die kern waarom 'n lewenskragtige en immergroen vereniging gebou word. Onregte dank vir julle getroue deelname. Julle bevestig ongeewenaarde toewyding, deursettingsvermoe en lojaliteit, wat enige organisasie se ego streel.

Die register het ook roete, afstand en opmerkings kolom: Daarvolgens het ons gedurende 1991 650 kilos gestaan. On 24 September en 28 Oktober het die stap doodgereg. 1992: On 4 Feb lol Lina se rugsak. On 11/2 mis Magdaleen en Theresa die interval. 18/2 oorweldig mmeringe vir Susanne 19/12 Lina en Natalie deel die stomp, maar Nata lie drink die hele bad aan die agtersneen. 1993: 19/1 SAUK maak 'n oname van ons voetslaaners. 14/2 Owenlus oorweldig voetslaaners. Waterval se klippe laat kom onbepal in skaamte sak en bloos steeds. Stomme goed.

Verder vertroulik. Moet asseblief nooit se ek se so nie, maar Joey se geheim is uit. DIE BONDEL MIK HART BLOED. Daarom het die omraaislag laat wasi, Mersai, in jou Wasai, en Joey is los voor en niks minder as hare on jou tande of jy hou nie by nie.

Gegroet en dankie vir al die aangename voetslaan.

— Jan Boshoff.

Dit het gebeur: Dinsdagstappe

Gedurende Januarie 1991 tydens middagete te Tierkop, het Lina Aucamp geboorte geskenk aan die gedagte van 'n Dinsdag voormiddag wandeling. Alhoewel aanvanklik wankelend het die gedagte werklikheid geword, die gepaardgaande groeipyne oorleef, sodat dit vandag die voedingsbron is van Berg en Dal se totale aanwas is. Sedert Mei '91 word 'n register op Dinsdag grondslag gereeld bygehou en dit is interessant en bemoedigend om elke Dinsdag die name van dieselfde persone op te merk. Hulle is voorwaar die kern waarom 'n lewenskragtige en immergroen vereniging gebou word. Opregte dank vir julle getroue deelname. Julle bevestig ongeëwenaarde toewyding, deursettingsvermoë en lojaliteit, wat enige organisasie se ego streel. Die register het ook roete, afstand en opmerkings kolom: Daarvolgens het ons gedurende 1991 650 kilo's gestap. Op 24 September en 23 Oktober het die stap doodgereën. 1992: Op 4 Feb lol Lina se rugsak. Op 11/2 mis Magdaleen en Theresa die watterval. 18/2 oorweldig mymeringe vir Susanne. 29/12 Lina en Natalie deel die stomp, maar Natalie drink die hele dag aan die agterspeen. 1993: 19/1 SAUK maak 'n opname van ons voetslaners. 16/2 Swemlus oorweldig voetslaners. Watterval se klippe laat koppe onbeprek in skaamte sak en bloos steeds. Stomme goed. Verder vertroulik. Moet asseblief nooit sê ek sê so nie, maar Joey se geheim is uit. DIE BONDEL MAAK HAAR BENOUD. Daarom met die omdraaislag laat waai, Meraai, en Joey is los voor en niks minder as hare op jou tande of jy hou nie by nie. Gegroet en dankie vir al die aangename voetslaan.

OPSAAL

Mnr en Mev L de Ha.
Freesialaan
WILDERNIS
6560



No. 2

1994

DIE GEORGE (SWARTRIVIER) DAM

Die dam het nog altyd my verbeelding geprikkel. Stap jy met die pypleiding langs kom jy by 'n holkrans (Heuningkrans) waar die volgende name gevef is: HILLS blaster ELLIS EN MUNRO 1938.

Met die vriendelike toestemming van die Museum het ek toe die koerante van 1938 en 1939 nageslaan en gevind dat die bou van die pypleiding en die dam as volg verloop het.

Maart 1938: Tender vir 'n nuwe waterskema in die Swartrivier word goedgekeur.

Junie 1938: Lugopname van die Malgas- en Swartriviere se opvanggebiede word gemaak, en gevind dat die Swartrivier vier maal groter vermoë het.

Julie 1938: Tenders vir die bou van 'n 75 voet hoë geboë damwal in die Swartrivier wat ongeveer £30 000,00 sal kos, word oorweeg.

27 Julie 1938: Tender van Mnr. C.B. Uys vir £18 269,00 vir 'n dam, inhoud 60 000 000 gelling water en watersuiweringswerke, word aanvaar. Die werk moet dadelik in aanvang neem.

14 September 1938: Ontploffings in die rigting van die pypleiding word reeds gehoor.

28 September 1938: 'n Klerk van werke, mnr. Cole, word aangestel. Materiaal word per spoor na die perdehoefdraai van die treinspoor vervoer. 'n Koekepanspoor word gebou om die materiaal verder te vervoer, en 'n ligte krageenheid, maksimum spoed 12 myl per uur, vervoer die vrag verder.

30 November 1938: Die pypleiding is voltooi. 'n Wal, 75 voet hoog en 300 voet lank, sal gebou word.

1 Februarie 1939: Die fondament van die dam sal eersdaags gelê word.

15 Maart 1939: 'n Brug van die koekepanspoor breek, die krageenheid val om en die drywer breek sy sleutelbeen.

26 April 1939: Verhoging van die damwal om 120 i.p.v. 60 miljoen gelling water te hou word oorweeg en afgekeur.

3 Mei 1939: Op versoek van die Administrateur word verhoging van die damwal weer oorweeg. Om die fondament te versterk sal £700,00 kos en dit word as te duur beskou.

24 Mei 1939: Op aandrang van die Provinsiale Ingenieur word die fondament versterk en die wal verhoog om 120 Miljoen gelling water te hou.

13 September 1939: Provinsiale inspeksie van die damwal word gedoen.

25 Oktober 1939: Die wal is reeds 88 voet hoog.

29 November 1939: Die dam is voltooi. Die wal is 91 voet hoog, inhoud 60 miljoen gelling. Voorsiening word gemaak om die wal 14 voet te verhoog ten einde die inhoudsmaat te verhoog na 120 miljoen gelling water. Die pypleiding word steeds getoets.

Opgestel deur Tom Boshoff vir Opsaal

Bron: GEORGE EN KNYSNA HERALD



THE ARABIAN



No. 1
1995



VAN DIE REDAKTEUR

Met die algemene jaarvergadering op 19 Januarie 1995 het ek weer besef en "gevoel" wat die stapklub en veral sy mense vir my beteken. Kathleen Keating se in haar boek, Drukkies wanneer die lewe druk: "Aanraking is nie net lekker nie; dis lewensnoodsaaklik. Sonder drukkies kan mens doodgaan." 'n Drukkie (die Hollanders noem dit knuffel) laat jou goed voel; verdryf die eensaamheid; oorwin angs en vrese; bou jou selfbeeld en vertraag selfs die verouderingsproses. Drukkies gee ook strek oefeninge vir die kortes en maag oefeninge vir die langes. Dit maak goeie dae nóg beter en ondraaglike dae draagliker. Om dus na die lang Desember vakansie met soveel oorgawe gegroet en gedruk te word was vir my 'n "vitamien-inspuiting" aan die begin van die nuwe jaar.

Vanaf die laaste Opsaal-uitgawe het daar baie stappe en drukkies plaasgevind - die Grabouw uitdaagrees; Oos-Kaap stap, Otterpad en korter naweekstappe. Lees gerus meer oor die gehap-stap-en-drukkery in hierdie uitgawe. En aan al die aanrakingsterapeute (of knuffeltherapeute), onthou: Alle mense verdien 'n drukkie!

- ALÛTTE SMITH -

CRADOCKKLOOFPAS

Landdros Van Kervel het onderneem om die pas binne twee maande te bou teen £450-0-0. Dit word vermoed dat 'n voetpad reeds bestaan het.

Die pad is in 1915 in gebruik geneem, is ongeveer 9 kilometer lank en die tog per ossewa, teen 'n kwart myl per uur, het drie dae geneem. Dertig osse het die wa teen die suidelike hang uitgesleep.

Die 86 tans bestaande klipstapels is tydens die Eufees opgerig.

Die pad begin by die Malgasrivier en eindig by Noordtasie waar die ou hotel tans staan. Daar was destyds 'n winkel, uitspanning en 'n smidwinkel. Gedurende 1952 is oorweeg om die pad as 'n nasionale monument te verklaar.

Biskop Gray en sy vrou stap in 1856 oor die pas.

BRONNE: George Herald, Ensiklopedie van die Wêreld,
en J. Burman, Cradockkloof.

GEORGE DAM: Gedurende 1953 is die wal na die tans bestaande 116 voet verhoog, inhoud 160 miljoen gelling.

- T. BOSHOFF -

DIE GRIEKWA SE PSALM

Sontyd is Hy jou hoed
op jou kop
innie nag hou Hy
gevaarlikheid dop

Hy's mos nou da om
jou op te pas
Jou siel hou Hy tissen
jou ribbes vas

Gan jy nou in of gan
jy nou yt:
Hy's oor jou vi ewig
en vi altyd

- SKRYWER ONBEKEND -

LEHSAALI



NO. 1: 1996

DIE OSSEWATREK. (1938)

deur Tom Boshoff

Die twee kakebeenwaens het op 1 September 1938 op George aangekom en dit word beskou as die magtigste en grootste ontvangs sedert vertrek uit Kaapstad. 'n Twee myl lange stoet, 'n perdekommando, 3000 skoolkinders, honderde motors, 25 ossewaens en tienduuisend mense was by die ontvangs teenwoordig.

Tydens 'n toespraak het mnr. J. D. Meyer die volgende feite aangestip:

- 1) Gedurende 1777 het die V.O.C., waar George vandag lê, 'n buitepos gestig.
- 2) In 1811 is 'n nuwe distrik, genaamd George geproklameer.
- 3) In 1811 is die eerste erwe verkoop.
- 4) In 1811 is die N.G. Gemeente gestig.
- 5) Die poshuis het aan die onderent van Yorkstraat gestaan.
- 6) Die pad na die ooste het oor Pampoenkraal (Saasveld) gegaan. Terwyl die pad na die noorde oor Cradocksberg gegaan het. Die bakens langs die pad is deur die Afdelingsraad opgerig. Die trek, onderweg na Pretoria, is verder na Oudtshoorn oor Montagupas voortgesit.

Pogings is daarna aangewend om Courtenystraat se naam te verander na Voortrekkerstraat, maar sonder sukses.

(Bron: GEDENKBOEK)

Die dag waarop ek nie gebid het nie, is 'n
dag waarop ek by God gespog het met my
eie krag

- Owen Carr -

APPASALI



NO. 2: 1996



VAN DIE REDAKTEUR

Ons klub vier vanjaar sy tiende verjaardag en dus is dit die saamwees, saamstap en vriendskap van 'n groep mense wat oor 'n tydperk van tien jaar saamkom, wat gevier word.

As ek al die "onthou jy nog" stories van die lede lees en hoor hoedat hulle mekaar help en bystaan, laat dit my aan 'n groep wilde eende, in vlug, dink: hulle vlieg in 'n bepaalde formasie sodat hulle die minste lugweerstand ervaar en na 'n tyd word die leier afgelos, sodat hy 'n bietjie kan rus. Hulle geroep van agter is om die voorstes aan te moedig en sou een van hulle siek word of iets oorkom is daar een of twee eende wat saam met hom uit die formasie beweeg, grond toe gaan en by hom bly tot hy weer herstel het of dood is. Dan vorm hulle weer hulle eie formasie en sluit by die ander aan. Hulle ondersteun mekaar die hele tyd en sorg vir mekaar! - dis mos van ons stapklub ook waar!

Dit is interessant om te hoor dat, volgens Sonja van Walbeek (ons sekretaresse vanaf '88-'93), die

aanvanklike ledegeld R12 was en vanaf '91 verhoog is na R15. Die kilometertarief was 5 sent per kilometer en vanaf '91 was dit 10 sent. Ai, hoe lekker sou dit nie gewees het as ander lewensmiddele se pryse nie ook so stadig gestyg het nie! Volgens bom Tom het ons tydskrif se naam as volg ontstaan: "Tydens redigering van die eerste Opsaal, 1/'92, konsepverslag, het die destydse redaksie synde, wyle Hennie Booysen, Susanne Theron en die uwe bespiegel oor 'n naam en die naam Opsaal het spontaan na vore gekom en is aanvaar."


En aan die "rustige Sederberg stappers" wat die laang pad Uitkyk toe gevat het: Kitty Williams sê dat julle wel 'n sneeuprotea (*Protea scolopendriifolia*) gesien het, maar dis glo nie die een wat julle gedink het dit is nie (*Protea cryophila*). Blykbaar was julle "Everest" nie hoog genoeg nie!

Wat ek net nog steeds nie verstaan nie, is wat die verskil is tussen "verdwaal" en die "verkeerde pad vat"? Die spul wat daar in die Sederberge die laang pad gevat het, het blykbaar nie verdwaal nie, maar net die verkeerde pad gevat! Lees gerus van die petalje in hierdie uitgawe en kyk of julle duidelikheid hieroor kan kry!

Alétté Smith



OPSAAL!



NO. 2: 1998

Om die ding nou nader tuis te bring
Dis Berg-en-Dal waarvan ek praat
Soms stap hul na die toring
Soms sommer net op straat

Die stappe rondom George
Is almal reeds al fyn getrap
En sommige stewels kan alreeds
Die bekendste roetes self gaan stap

Maar uitslaap-stappe word ook gereël
En so word niemand regtig verveel
Want elke keer is dit 'n fees
Om deel van so 'n groep te wees

In die proses van uitslaap-stap
Word deur die land gekuier
Ja dit verbreed ons visie
So word ons uitsig wyer

Soms verskyn 'n verre vergesig
Waar mens skaars aan geraak het
Dit lê daar eindloos nog byna soos
Die Skepper dit gemaak het

Die Berg-en-Dal se voetslaanklub
Was almal lede wat kon stap
Party 'doet' dit eens lank gelede
En ander weer nog tot op hede

Soos jare kom en jare gaan
Sal eens ons almal stadigaan
Hoe hartseer dit vir ons mag lyk
Die einde van ons stap bereik

En as ons baan einde toe staan
Ons krag en ywer begin taan
Weet ons met vreug ons het geniet
Dit wat ons Leidsman ons wou bied

Opedra aan ALLE Berg-en-Dal stappers
Faan Strauss (ook cen) : September 1998

BERGPASSE IN ONS OMGEWING

Uit 'n interessante en insiggewende publikasie - "So High the road" deur Jose Burman (Human en Rousseau 1963) lees ek die volgende, wat ek in kort wil deel met mede stappers. W. D.

Cradockkloofpas (Vernoem na Goewerneur Sir John Cradock)

Met die totstandkoming van "Georg Town" in 1811 is die 5 myl lange pas deur landros Van Kervel met 'n begroting van 5000 riksdalers gebou. Die outeur noem dat van Kerwel opvallend 'n beter landros as 'n pasbouer was.

Reg van die begin af was daar klagte oor die onbegaanbaarheid van die pas.
Op bladsy 9 lees ek:

One of the officers who accompanied Montagu, wrote that
"Cradock Kloof is the most impossible place for horses, much less wagons, that I ever beheld; it is positively as perpendicular in parts as the face of Table Mountain. The distance is only 5½ miles, but what with accidents and detentions, it was nothing uncommon for a wagon to be three days getting over the barrier."

Letwat oordrewe maar dit weergee die sentiment van 'n vroë reisiger. 'n Heelwat meer sober beskrywing op bladsy 105 lees so:

Bunbury, for instance, states:


"The road over Cradocks Kloof certainly deserves its reputation, being the most formidably bad, if not af all roads I ever saw, assuredly, of all that pretend to be passable by wheels. Its steepness, the ruts, or rather chasms, by which it was furrowed, the masses of rock that obstruct it, can hardly be conceived by one who has not travelled beyond the civilised countries of Europe. The very attempt to drag any vehicle over such places, would seem incredible without the testimony of one's own eyes."

Onderstaande dramatiese tekening verskyn op bladsy 99 en gee vir ons 'n idee van hoe moeilik dit was om oor Cradockkloofpas te reis met 'n ossewa.


Na afloop van die 1834/35 Xhosa oorlog het Charles Cornwallis Mitchell - Landmeter Generaal en Superintendent van Werke - besluit om aandag te skenk aan verbindingsroetes. By inspeksie van Cradockkloofpas het hy besef dat dit 'n onbegonne taak sou wees om die pas te herstel of te verbeter. Hy besluit wyslik om 'n nuwe roete op 'n ander deel van Cradockkloof te hou - en so het die bekende Montagupas tot stand gekom.

Volgende keer wat ons Cradockkloofpas stap kan ons gerus dink aan die swoeg, sweet en beur deur mens en veral dier om met 'n ossewa oor hierdie formidabele pas te reis.

OUTENIQUA-VOETSLAANPAD — OUTENIQUA HIKING TRAIL



LOCATION MAP — BEPALINGSKAART
SCALE 1:300 000 SKAAL



- | | |
|-------|---------------------------------|
| | Nasionale Paaie Toegangspaaie |
| — | Ander Paaie Spoorwee |
| — | Voetslaanpad en Hute |
| □ | Staatsbosse en Bosstasies |
| ○ | Bosontspanningsaktriete |
| W | Hotels Woonwaaipark |
| ⊙ | Vakansieplek |
| ⊙ | Hotels |
| ⊙ | Caravan Parks |
| ⊙ | Guest Farms |
| ⊙ | Wilderness |
| ⊙ | State Forests & Forest Stations |
| ⊙ | Forest Recreational Facilities |
| ⊙ | Hotels |
| ⊙ | Caravan Parks |
| ⊙ | Guest Farms |
| ⊙ | Wilderness |

Atafande in km

Garden of Eden
Brenton-on-Sea
Walker Pt
East Cape

OPSAAL 2016

Berg - en - Dal



SEDERBERG. 1- 9 APRIL 2016

MAANDAG 4 April : Ons ry vandag en Jurie beduie dat ons moet rus, want die volgende dag se stap gaan straf wees. Ons is op pad na Wupperthal waar ons stop vir tee, muffins en nog meer. 'n Kort toer deur die dorp bring ons by die skoensfabriek uit waar die vriendelike mense wat daar skoene maak, ons wys hoe hul masjiene werk. Dan ry ons verder deur tipiese Sederberg rotsformasies tot by die Oasis Restaurant. Edwin en Thea was al daar en op hul aanbeveling het amper almal van ons hul spesialiteit, wat varkrib is, bestel. Na 'n genotvolle vroeë aandete, keer ons terug na Sanddrif.

DINSDAG 5 April : Vroegoggend is almal gereed en bondel in 2 voertuie in want ons moes ry tot by Welbedacht waar ons motors geparkeer word. Almal voel vars en dis met opgewonde afwagting wat ons opstaan na Tafelberg - vandag se groot stap. Net Jurie ken die roete en so streep ons almal bergop agter hom aan. Ons beweeg op en op in 'n pragtige kloof. Daar word kort-kort gestop sodat almal kan rondkyk en rus, want ons klim die hele tyd. Na die eerste kloof plat die roete effe af en ons stap in 'n jeeppad deur 'n gebied wat die 'Trap' genoem word. Dan swaai die voetpad weer bergop wat lyk of dit ons laaste groot klim kan wees. Amper bo kom ons aan die voet van sulke regop kranse wat bokant ons uittoring en ook oorhang om 'n dak oor ons koppe te vorm. Benoud wonder ek hoe ons hierdie kranse gaan klim want volgens Jurie, gaan ons bo-op Tafelberg kan staan. Ons beweeg egter aan al om die voet van die kranse en moet in die proses oor groot rotsblokke klim en klouter om net aan die end van die kranse met 'n wonderlike uitsig beloon te word.

Voor ons staan 'n massiewe rotstoring en waghoe oor die ingang na 'n volgende kloof. Dit voel vir my of die kloof aan die agterkant van die kranse waar ons so pas verby geklouter het, kan wees. Jurie dui aan dat ons in die kloof gaan opklim na bo. Weer eens skarrel ons om en oor groter rotsblokke. Skielik bevind ons onself op 'n klein gelyktetjie waar die kloof baie nouer is en dit lyk of dit net daar kan doodloop.

Dit is egter die begin van 'n tegniese deel van hierdie stap - een vir een moet ons 'n groot rots aan die linkerkant opklim, jousef teen die rotswand vasdruk, met jou een voet op 'n klein rotslysie trap, dan oor 'n skeur in die rots na 'n volgende rots spring. Dit was nogal skrikwekkend, maar almal kom oor om net vorentoe weer jou beurt by 'n ketting te moet afwag.





*Klouter eers links
op.....*



.....En spring dan oor



Jurie is die eerste om met die +-10m lange ketting, wat feitlik regaf van bo afhang, die kloof uit te klim na bo. Vir my was die ketting 'n groot hulpmiddel – jy hou net stewig vas en loop met jou voete teen die rotswand uit – maklik né, maar as die groot vrees jou beetpak, is dit 'n storie van 'n ander kleur. Eindelik staan almal triomfantelik bo-op Tafelberg!! Dit is 'n groot, ruwe, baie rotsagtige berg waar mens sekerlik maklik kan verdwaal. Ons stap eers na die eerste en dan na die tweede baken wat 1968m hoog is. Maar Jurie maak ons bymekaar want dit is 'n lang pad na onder. Weer eens moes ons die ketting af en oor daardie skeur spring na die lysie aan die oorkant. Dan blind agteruit afklim tot onder. Met almal veilig onder, klim ons weer eens oor al die groot rotsblokke in die kloof af en volg dieselfde roete terug tot by die motors waar ons stuk-stuk aankom. Dit was 'n wonderlike, uitdagende ervaring. Ons het die dag net oor 1000m geklim en 14.2km gestap wat ons amper 8 ure geneem het om te voltooi. Die aand word afgesluit met 'n hoender en groente potjie wat deur menige helpers onder aanvoering van Edwin, voorberei was.



Bo op tafelberg



hier by een van die bakens bo op tafelberg

'Sonbrillettjie,
sonbrillettjies,
o-ho
O-ho sonbrillettjies'

Edwin met sy
fonds.





SENIORSTEE 2016



Life Lessons from the Trail

A pebble in a hiking boot always migrates to the point of maximum irritation.

The return distance to the trailhead where you parked your car remains constant as twilight approaches.

The sun sets two-and-a-half times faster than normal when you're hurrying back to the trailhead.

The mosquito population at any given location is inversely proportional to the effectiveness of your repellent.

Waterproof rainwear isn't. (However, it is 100% effective at containing sweat).

The width of backpack straps decreases with the distance hiked. To compensate, the weight of the backpack increases.

Average temperature increases with the amount of extra clothing you're carrying in your day pack.

Given a chance, matches will find a way to get wet.

The weight in a backpack can never remain uniformly distributed. When reading the instructions for a water filter, "hour" should be substituted for "minute" when reading the average quarts filtered per minute.

The little toothpick in your new Swiss Army knife will disappear the first time you take it on a hike.

wilde
veerts
(camera)

spinn-
koppie

the
runner
(hiking
stick)

veerts-
vrou

arch-
climber
(rucksack)

short
legs

strong
man
(rucksack
+ water-
bottle)

klip-
boshie

brit 1
brit 2

lang been
(hoed & sok)

tiny
pony
(binoculars)

yster
vrou
(rugsak
+ 2 stop
stake)

taai
sewing
bene

Wolfberg Sheure April 2016

(as with artistic license)
(Julius)